



STANDAARD HANDELSTERME EN VOORWAARDES

1. PLASING VAN BESTELLING

Die Kliënt is verplig om alle bestellings ten opsigte van goedere en dienste skriftelik te plaas. Nieteenstaande voormelde is die Maatskappy geregtig om in sy diskresie, mondelinge bestellings te aanvaar, in welke geval die inligting vervat in enige dokumentasie van die Maatskappy wat die Kliënt se opdragte weergee as prima facie bewys sal dien ten opsigte van die Kliënt se bestelling en instruksies in die verband. Die Maatskappy is geregtig om in sy diskresie, enige bestelling geplaas deur die Kliënt, te aanvaar of te verwerp.

2. KOOPPRYS

Die koopprys betaalbaar deur die Kliënt vir goedere of dienste deur die Maatskappy gelewer ten opsigte van elke bestelling deur die Kliënt geplaas word uiteengesit in die Maatskappy se kwotasie aan die Kliënt, en in geval daar geen kwotasie aan die Kliënt gelewer is nie of indien die gelewerde kwotasie nie die koopprys bevat nie, die koopprys vervat in die Maatskappy se heersende pryslys wat van krag was op die datum waarop die Kliënt die betrokke bestelling geplaas het. Die Kliënt sal, op versoek, voorsien word van die Maatskappy se heersende pryslys. Die Maatskappy behou egter die reg voor om te eniger tyd die pryslys te wysig, sonder kennisgewing aan die Kliënt.

3. BETALING

3.1 Die Maatskappy sal 'n belastingfaktuur lewer vir goedere en dienste aan die Kliënt gelewer en sal rekeningstate op 'n maandelikse basis uitreik.

3.2 Alle bedrae word verskuldig en betaalbaar binne die periode soos deur die Maatskappy aan die Kliënt in skrif bevestig van tyd tot tyd (en wat mag verskil ten opsigte van elke bestelling), en by versuim van sodanige bevestiging binne 30 dae na datum van die Maatskappy se relevante rekeningstaat.

3.3 Alle fakture wat tot gevolg het dat die Kliënt se rekening die heersende krediet limiet wat deur die Maatskappy aan die Kliënt verskaf is oorskry, sal verskuldig en betaalbaar wees by aanbidding van die faktuur, en lewering van die betrokke goedere en dienste sal uitgestel word totdat die Kliënt die bedrag betaal het.

3.4 Alle betalings sal in vrylike oordraagbare Suid-Afrikaanse geldeenheid gemaak word, sonder enige aftrekkings, vry van enige kommissie, in die bankrekening van die Maatskappy, die besonderhede waarvan by wyse van kennisgewing aan die Kliënt bekend gemaak sal word na ondertekening hiervan.

3.5 Alle betalings ontvang sal eerstens toegewys word aan regekosse (indien van toepassing en aangegaan by versuim van die Kliënt om die verskuldigde bedrag te betaal), daarna aan enige rente en laastens tot die kapitale bedrag uitstaande ten opsigte van die Kliënt se skuld.

3.6 Nieteenstaande enige vergunning of verslapping wat die Maatskappy mag toelaat sal die Kliënt se volle skuld aan die Maatskappy onmiddellik verskuldig en betaalbaar word en sal die Maatskappy onmiddellik geregtig wees om sonder vooraf kennisgewing aan die Kliënt onmiddellike betaling daarvan te eis indien die Kliënt versuim om enige bedrag verskuldig in terme hiervan op die betaaldatum daarvan te betaal of die Kliënt andersins in kontrakbreuk is of 'n handeling verrig of versuim om dit te doen wat die Maatskappy se regte hierkragtens mag benadeel.

4. RENTE

Die Maatskappy sal rente hef op bedrae wat verskuldig en betaalbaar is teen die rentekoers soos deur die Maatskappy aan die Kliënt in skrif bevestig van tyd tot tyd (en wat mag verskil ten opsigte van elke bestelling), en by versuim van sodanige bevestiging, teen die maksimum toelaatbare rentekoers soos gereguleer deur wetgewing van tyd tot tyd.

5. WAARBORG

Die Maatskappy verleen geen uitdruklik, stilswyende of geïmpliseerde waarborge ten opsigte van goedere en/of dienste gelewer en/of advies verskaf aan die Kliënt nie. Die Kliënt bevestig voorts dat die Kliënt nie geregtig sal wees om enige eis teen die Maatskappy in te stel ten opsigte van enige voorstellings wat nie in hierdie ooreenkoms vervat is nie of nie op skrif gestel is en deur die Maatskappy onderteken is nie.

6. VRYWARING EN BEPERKING VAN AANSPREEKLIKHEID

6.1 Die Kliënt bevestig dat die Maatskappy onder geen omstandighede hoegenaamd, aanspreeklik gehou kan word vir enige direkte of indirekte skade, gevolgskaade of enige ander skade wat die Kliënt mag ly weens die gebruik van goedere en/of dienste gelewer en/of advies verskaf deur die Maatskappy nie, tensy die Maatskappy met opset of growwe nalatigheid opgetree het.

6.2 Die Kliënt vrywaar en stel die Maatskappy hiermee skadeloos teen enige eise van watter aard ookal wat derde partye mag instel ten opsigte van die gebruik van goedere en/of dienste gelewer en/of advies deur die Maatskappy aan die Kliënt verskaf.

6.3 Enige eis wat die Kliënt teen die Maatskappy mag hê vir defektiewe goedere sal beperk word, in die diskresie van die Maatskappy, tot vervanging van die defektiewe goedere, mits sodanige eis skriftelik aan die Maatskappy voorgelê word binne die tydperk deur die Maatskappy aan die Kliënt in skrif bevestig van tyd tot tyd (en wat mag verskil ten opsigte van elke bestelling), en by versuim van sodanige bevestiging, binne 6 dae na lewering van die defektiewe goedere.

6.4 Die Kliënt erken dat dit sy verantwoordelikheid is om homself te vergewis van die spesifikasies en kenmerke van goedere deur hom bestel en die geskiktheid daarvan vir die doel wat hy daarmee beoog.

7. LEWERING EN TERUGSENDING

7.1 Die Maatskappy sal alle redelike pogings aanwend om te voldoen aan tye en datums vir lewering van goedere en/of dienste. Sodanige tye en datums is egter slegs beramings en vorm dit geensins kontraktuele verpligtinge. Gevolglik sal die Maatskappy

nie aanspreeklik wees vir enige skade of verlies van watter aard ookal veroorsaak deur vertraging in aflewering en/of die uitvoering/voltooiing van bestellings nie.

- 7.2 Goedere bestel en korrek deur die Maatskappy aan die Kliënt gelewer mag nie aan die Maatskappy teruggestuur word nie, tensy die Maatskappy skriftelik daartoe toestem. Goedere sal teruggestuur word na die plek soos deur die Maatskappy bepaal mag word en alle koste wat daarmee verband hou sal vir die rekening van die Kliënt wees. Alle risiko in die goedere wat teruggestuur word, sowel as die verpligting om die koopprys van dié goedere te betaal, sal by die Kliënt berus totdat die Maatskappy dié goedere geïnspekteer het en skriftelike bevestig aan die Kliënt verskaf het dat die goedere en verpakking daarvan, in die Maatskappy se uitsluitlike diskresie, in 'n goeie toestand is. Die Kliënt sal slegs van betaling vir die goedere in goeie toestand teruggestuur kwytgeskeld word wanneer die Maatskappy die voormelde skriftelike bevestiging uitreik.

8. EIENAARSKAP EN RISIKO

Eiendomsreg in en tot die goedere gelewer aan die Kliënt sal slegs oorgaan op die Kliënt nadat die Maatskappy volle betaling vir die relevante goedere ontvang het, nieëenstaande die feit dat lewering van goedere reeds plaasgevind het en daar krediet aan die Kliënt verleen is. Nieteenstaande voormelde sal alle risiko ten opsigte van skade, vernietiging of verlies van die goedere op die Kliënt oorgaan na ondertekening van die Maatskappy se afleweringnota deur die Kliënt of sy verteenwoordiger of lewering aan die Kliënt of sy verteenwoordiger, welke gebeurtenis ookal eerste plaasvind.

9. REGSVERRIGTINGE

Die Kliënt erken dat die Maatskappy, in sy diskresie, die reg het om regstappe in te stel in enige Landdroshof en die Kliënt stem hiermee toe tot sodanige jurisdiksie, nieëenstaande die feit dat die betrokke eis of waarde van die eis die jurisdiksie van die Landdroshof mag oorskry. Enige regskoste aangegaan deur die Maatskappy in verband met sodanige verrigtinge sal verhaalbaar wees van die Kliënt op 'n prokureur en Kliënt basis, maar onderworpe aan die maksimum tariewe soos gereguleer deur wetgewing.

10. KENNISGEWING EN DOMICILIUM

Enige kennisgewing gegee deur enige van die partye sal per hand afgelewer word of gestuur word deur geregistreerde pos, faks of e-pos aan die ander se domicilium citandi et executandi en sal geag afgelewer gewees het op die dag van ontvangs daarvan indien per hand afgelewer, of in die geval dat dit gestuur word per geregistreerde pos, binne vyf werksdae na dit gepos is, of in die geval dat dit gestuur word per faks of e-pos op die eerste besigheidsdag na suksesvolle versending daarvan, tensy die teendeel bewys word.

11. ALGEMEEN

- 11.1 Die terme en voorwaardes hierin vervat vorm die hele ooreenkoms tussen die partye en geen mondelinge of kollateraal ooreenkoms, toevoegings, variasies, veranderings of toestemming tot kansellasië sal van enige krag of effek wees tensy dit op skrif gestel en onderteken is deur die Maatskappy.
- 11.2 Elke klousule in hierdie kontrak word geag apart en onafhanklik van mekaar te wees, nieëenstaande die wyse waarop hulle saamgevoeg of taalkundig verbind mag wees en indien 'n bevoegde hof bevind dat enige klousule foutief of onafdwingbaar is sal die oorblywende klousules steeds geldig en afdwingbaar bly.
- 11.3 Geen verslapping of toegewing wat die Maatskappy aan die Kliënt maak sal dien as afstanddoening van die Maatskappy se regte nie en sal nie die Maatskappy verhoed om enige regte wat in die verlede ontstaan het of wat in die toekoms mag ontstaan te enige tyd uit te oefen nie en geen enkele of gedeeltelike uitoefening van enige reg of remedie deur die Maatskappy sal verhoed dat die Maatskappy sodanige regte of remedies verder kan uitoefen of enige ander regte of remedies kan uitoefen nie.
- 11.4 Terme en uitdrukkinge hierin wat die enkelvoud bevat sluit die meervoud in en omgekeerd, wat een geslag aandui sal ook die ander geslag aandui en omgekeerd en enige verwysing na natuurlike persone sluit regspersone en trusts in.
- 11.5 Deur aanvaarding van hierdie faktuur erken die Kliënt dat verkoper van die produkte soos omskryf in hierdie faktuur die Maatskappy is soos volledig gedefinieer en beskryf op hierdie faktuur. Die Maatskappy bevestig verder dat NexusAG (Edms) Bpk aan hom die reg verleen het om die geregistreerde handelsmerk wat op hier faktuur verskyn te gebruik.
- 11.6 Hierdie verkoopsvoorwaardes is November 2016 hersien en gedruk. Verkoopsvoorwaardes word van tyd tot tyd hersien, vind die verkoopsvoorwaardes wat tans van toepassing is by www.nexusag.net.